Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 10 Junie 2021

Gedagte van die week:
Geseënd is hulle wat gedurende die dag té besig is, en saans té moeg is, om bekommerd te wees. (Leo Aikman)

Vertrekpunt:
Matteus 6:19-34 (lees dit binne die konteks van die hele bergrede in Matteus 5-7)

Meditasie uit die teks:
Hierdie deel van die bergrede is seker die deel waaroor moderne mense, veral ekstreme westerse kapitaliste, die meeste "smile", selfs smalend glimlag. Ek hoor hulle argumente, teen-argumente en hulle "ridicule" van elke sin. Party lag seker hardop en nog ander mag dalk 'n vloekwoord of twee spreek. Sommige mag selfs die "mal-in-die-kop" teken gee! Ek weet dat baie sogenaamde christene dit ook met agterdog bejeën. Ek kan dit verstaan en argumenteer nie daaroor nie, want ek weet by voorbaat en uit ondervinding dat dit nie help nie. Ek het dit al probeer, dit werk nie. Wanneer ek hierdie teks lees dan begin ek eerder my mossie-stories vertel. My witseerkeelstorie, Ouma Lenie se R30-telegram, dr Fritz Grobbelaar se koeverte, juf Treptow se langverlof, die moeilike aand in Januarie 1986 toe my Bybel oopgeval het by Matteus 6, die Flossievlug van 9 September 1986 en die geboorte van 12 September 1986, Oom Boy Jordaan van Cradock se omgekeerde stembriefie, oom Krit se onverwagse besoek en uitnodiging, MC Smith se vreemde oproep na 'n ewe vreemde Mynhardt Taljaard, die ongeluk tussen Aberdeen en Beaufort-Wes, ou vriend Inus Marais se besoek vandag wat aan my bevestig "it's time" … Dit is hoekom ek saggies glimlag wanneer sommige mense sê Die Bybel is afgehandel, want vir my is dit nie. Elke dag van my lewe lees ek Matteus 6:19-34 op 'n ander, nuwe en verrassende manier. Ek lees dit in God se stories met my. Let wel: God se stories met my, nie my stories met God nie! Daar is 'n groot verskil. Ek weet wat ek weet. "His eye is on the sparrow and I know He watches me!" Ek argumenteer nie daaroor nie. Dit is net té heilig. Ek is bly ek is 'n bietjie arm en baie magteloos, want dit maak dat God vir my groter en duideliker is. Ek hou van die arme mossies. Ek hou van Matteus 6:19-34. Baie.

Youtubeskakel:
Ons gaan nie Sondag 13 Junie 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hou nie. Jy kan wel die reisgesprek op Youtube luister by https://youtu.be/plMWP3rqCk8

Huisgesprek
By die leiersvergadering van 6 Junie 2021 is sake van belang vir die hele gemeente bespreek. Ek gee graag terugvoer aangesien ons dit nie tans in die kerkgebou tydens 'n reisgesprek kan doen nie:

1. Ons sal vanaf Sondag 13 Junie 2021 tot latere kennisgewing nie reisgesprekke in die kerkgebou aanbied nie. Ons wil as verantwoordelike mense die derde vlaag uitwag.
2. Ons sal nie vanjaar 'n fisiese kontakkermis hou nie en sal later verduidelik hoe ons gaan maak.
3. Toit Wessels het die beroep na Kragga-Kamma aanvaar en sal daar begin op 1 Augustus 2021.
4. Johannes Nortier sal die pastorie ontruim teen op die laatste 31 Desember 2021 en verhuis na Wellington. Hy het beplan om af te tree op 28 Februarie 2023, maar oorweeg om dit te vervroeg na 28 Februarie 2022. Hy sal op 22 Augustus 2021 finaal hiervan kennis gee. Hy mag daarna nog beskikbaar wees vir korttermyndiens totdat die gemeente 'n nuwe leraar beroep en bevestig het.
5. Die gemeente gaan nou 'n oorgangsfase binne met nuwe personeel wat binnekort aangestel sal word. Ons sal graag wil sien dat nog lidmate hulle beskikbaar stel om aan te sluit by die huidige leierspan. Ons het 'n sterk en divers verteenwoordigende span nodig om leiding te neem. Onthou dat 'n mens nie kan kla oor die rigting wat die gemeente neem as 'n mens nie deelneem nie. Indien jy geroepe voel hiertoe kan jy gerus met Lise Greffrath skakel by die kantoor.
6. Ons het kennis geneem dat daar lidmate is wat nie altyd gemaklik is met sommige Woordbedieninge nie. Ons aanvaar dat nie almal altyd oor alles kan saamstem nie, maar ons glo dat verskille nie geskille hoef te word nie. Ons is dankbaar vir lidmate wat vrymoedigheid neem om hulle ongemak langs ordelike weë bekend te maak. 'n Gesonde gemeente voer gesonde gesprekke. Ons lewe in die lig! Almal is uitgenooi om deel te neem.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com